e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

25 November 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 41

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Rus in God

Om 'n predikant in hierdie postmoderne tyd te wees, vra na 'n gesonde geloofslewe, 'n uitstekende selfbeeld, enorme geduld en uitnemende leierseienskappe.

Die dae is verby toe 'n predikant kon aanspraak maak op respek gewoon op grond van sy status. Respek in hierdie dae kom merendeels uit verdienste en nie uit genade nie, om maar die bekende Reformatoriese begrip 'n bietjie te verdraai. Dit verg soveel meer om in 'n toenemend kritiese samelewing 'n geestelike leier te wees. Daar is soveel verwagtinge van 'n predikant. Dit strek van 'n tradisionele rolverwagting tot die verwagting dat 'n Pinkster-charismatiese benadering gevolg moet word om lidmate te behou.

Predikante is oor die algemeen baie sensitief vir kritiek. Die bekende konflikdeskundige op kerklike gebied, Speed B Leas, merk in hierdie verband op dat politici tevrede is as 51% van die kiesafdeling hulle ondersteun. Die pastor, daarteenoor, ervaar pyn wanneer selfs net een kritikus uit 'n honderd sy/haar stem laat hoor. Dit wil verder voorkom of die samelewing in die algemeen baie meer uitgesproke is teenoor die kerkleiding as ooit tevore. Die internet bring kritiek met die druk van die regte knoppie tot binne die lewensruimte van elke gebruiker. Daarby kan mense anoniem bly en na hartelus deelneem aan die verguising. Doen net 'n keer die moeite om al die kommentaar op die elektroniese blaaie van koerante te lees waar dit oor predikante gaan. Dit wissel van die opvatting dat die predikant tog net moet huisbesoek doen en alle probleme is opgelos, terwyl sommige hulle wend tot venynige kritiek. Ander gebruik die kuberruimte om die kerk (instituut) in geen onduidelike taal nie te verwerp.

Nog iets wat gereeld voor die deur van die predikante gelê word, is die dalende lidmaattalle, wat 'n verdere gevoel van magteloosheid veroorsaak. Midde-in hierdie spanningsveld kan verwag word dat 'n predikant al meer sal voel soos 'n bokser wat vuisvoos in die kryt rondgeslaan word. Geen wonder nie dat uitbranding so 'n wesenlike probleem onder predikante geword het. Die grootste oorsaak van uitbranding na my mening is 'n gevoel van magteloosheid én verwagtinge waaraan nie voldoen kan word nie. Predikante probeer daaruit ontsnap deur nog harder te werk, en dit word 'n bose kringloop.

Gelukkig is daar baie lidmate wat buitengewone moeite doen om hul predikant te ondersteun. Tog bly uitbranding 'n wesenlike gevaar. Sonder om te oorvereenvoudig, meen ek een van die beste voorkomingsmaatreëls vir uitbranding sou wees om genoeg tyd in te ruim vir stilword, en daarby word nie net Bybellees en gebed bedoel nie. Stilword beteken ook om ongestoord net by God te wees en in Hom te rus. Die waarde van gereelde stilword en bepeinsing is al uit genoeg oorde besing. Gereelde rus-in-God help jou om die dinge waarop dit werklik aankom (Fil 1: 10), te kan onderskei. Dit bring perspektief en nuwe geesteskrag.

Predikante behoort genoeg verlof te neem en behoort daarmee saam ook behoorlik weg te kom uit hul veeleisende omgewing – die selfoon afgeskakel en net daar vir eie gebruik. Dit is dié een tyd in die jaar waar die predikant se lewensmaat jaloers moet waak oor hul rus- en gesinstyd. Mag hierdie komende vakansie 'n wonderlike rusgeleentheid wees. Rus in God en rus van die gemeente en al die gewone veeleisende werksaamhede.

Dr André Ungerer

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Johannesburg** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 140 belydende lidmate, waarvan die meerderheid in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Die gemeente bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese stadsmileu die Woord te verkondig en die Koninkryk sigbaar te maak. Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n CV stuur na **wheelercw@sabc.co.za** of per gewone pos na Posbus 96744, Brixton 2019 **voor 10 Desember 2010**. Kontak Stienie Wheeler (skriba) by 082 936 0376 of ds CJ van Wyk (konsulent) by 082 898 2345 vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Frans Ras

Ds Werner Olivier

- **Ds Frans Ras** is op Sondag 7 November deur **Gemeente Pietermaritzburg** ontvang en in sy amp bevestig. Daar was groot dankbaarheid in die gemeente wat na 'n lang vakantskap weer 'n predikant kon ontvang. Die gemeente se standplaas is eers gewysig na deelsorgbediening voordat 'n beroep uitgebring kon word.

- **Ds Werner Olivier** het pas teruggekeer na sy maandelikse week lange besoek in **Zimbabwe** waar hy deeltyds werk. Woonplek is vir ds Olivier ingerig in Harare in 'n klein woonstel en in Bulawayo in die huis van broer Stephen Buckle. Dit gaan goed met die bearbeiding. In Bulawayo doen ds Olivier ook gedeeltelik die bearbeiding van die lidmate van die NG Kerk.

Prof Ben Engelbrecht

Prof Piet Geyser

- **Prof Ben Engelbrecht** vier op Sondag 5 Desember sy **60ste ampsjubileum**. Hy lei dan die erediens in die kerkgebou van Pretoria, sy tuisgemeente. Prof Engelbrecht was die afgelope paar jaar baie siek en dit sal waarskynlik die laaste erediens wees wat hy sal lei.

  Hy het reeds in 1946 afstudeer op 23-jarige ouderdom maar was toe te jonk om gelegitimeer te word. Die bepaling destyds was dat 'n persoon 25 jaar oud moes wees voordat hy gelegitimeer kon word. Hy het toe vir 'n tydperk in Gemeente Alberton gewerk voordat hy oorsee vertrek het vir sy studies.

- **Prof Piet Geyser** tree tans op as brugpredikant in **Gemeente Windhoek**. Hy het op 3 November daarheen vertrek. Op 29 en 30 November bied hy vir die predikante van die ring van Dorsland op hul versoek 'n *retreat* aan. Hy keer op 2 Desember tydelik terug Pretoria toe, maar sal die gemeente bystaan totdat hulle beroep.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.
  - Vrydag 26 November: Ds Gert van Staden (emeritus)
  - Saterdag 27 November: Prof Theo Koekemoer (emeritus)
  - Sondag 28 November: Dr Barry van Wyk (Waterberg)
  - Dinsdag 30 November: Ds Jan Wilson (Klerksdorp-Suid)
  - Woensdag 1 Desember: Prof Yolanda Dreyer (UP) en ds At van den Berg (emeritus)
  - Donderdag 2 Desember: Ds Kalla Fourie (Krugersdorp-Noord)

- Vrydag 3 Desember: Drr Sanrie de Beer (Philadelphia) en Willem Smith (Parys)

Dr Wim Dreyer

- Die Kuratorium het die Universiteit van Pretoria versoek om **dr Wim Dreyer** vir 2011 weer aan te stel as **deeltydse dosent in Kerkgeskiedenis**. Dr Dreyer doen ook die werk as Sekretaris vir Apostolaat. Die sameroeper van die Raad vir Apostolaat, dr Jaco Beyers, en die hoof van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM), prof Natie van Wyk, het op 22 November met die Moderamen gesprek gevoer oor die werk van dr Dreyer rondom Apostolaat. Hulle besef dat die finansiële situasie in die Kerk moeiliker raak en het daarby berus dat dr Dreyer net deeltyds by die apostolaatwerk betrokke is. Sodra die Raad gekonstitueer het, sal dit een van sy eerste werkopdragte wees om saam met die Moderamen te besin oor 'n moontlike nuwe posbeskrywing vir die Sekretaris vir Apostolaat.

Ds André Strauss

- **Ds André Strauss** berig soos volg vanaf sy nuwe woonplek in **Nieu-Seeland**:

  Dit gaan goed met my en Lydia hier in Greymouth, Nieu-Seeland. Ons is op Saterdag 13 November met 'n heerlike skaapbraai deur die gemeentelede ontvang. Ek is op 14 November bevestig in die Afrikaanse Christenkerk en die gemeente Greymouth is amptelik gestig. Ons het die afgelope Sondag sommer 'n erediens in die huis gehou aangesien die Baptistekerk waar ons voortaan elke Sondagmiddag dienste sal hou, nie beskikbaar was nie. Ons was 'n goeie groep van 37. 'n Ramp het egter die gemeenskap van Greymouth getref op Vrydag 19 November met die ontploffing in die myn. Hier is twee steenkoolmyne in die omgewing. Dit is egter totaal anders as die myne in Suid-Afrika, letterlik in 'n reënwoud. Ons het twee lidmate wat tans nog in die myn is. Die gemeenskap is egter so na aan mekaar dat dit elke inwoner in die dorp raak. Die betrokkenheid van die gemeenskap asook die bronne wat die regering beskikbaar gestel het, is ongelooflik. Elke gesin het 'n berader, vlugreëlings vir familie selfs vanaf Suid-Afrika word getref, ensovoorts. Ons sal julle voorbidding vir die gesinne en hul familie in Suid-Afrika waardeer. Ek glo dat hoewel hierdie 'n bitter moeilike tyd is vir almal, dit nogtans 'n ongelooflike geleentheid is om juis nou die saad van die evangelie te kan saai.

- Die Algemene Kerkvergadering (AKV) het besluit dat predikante groter erns moet maak om **jaarliks** die Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante **(VTT)** by te woon. Dit is opnuut bevestig dat predikante verplig is om elke jaar die VTT by te woon, en kerkrade word versoek om dit vir hul predikant(e) moontlik te maak. Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) is versoek om jaarliks verslag aan die Kommissie te lewer, veral oor predikante wat nie die VTT bywoon nie. Die toerusting geskied twee keer per jaar, en die datums vir 2011 is **7 tot 8 Junie 2011** en **8 tot 9 November 2011**. Die tema sal later bekendgemaak word. Die kursus word weer by Gemeente Villieria aangebied, en die koste beloop R300 per persoon. In 2011 sal die kursus die laaste keer onder leiding van prof Theuns Dreyer staan aangesien hy in Desember emeriteer.

Prof Theuns Dreyer

- Die Kommissie van die AKV het besluit om die voorstel van die vorige Raad vir Pastoraat en Presbiteraat oor die **Welstandsprogram vir Predikante** na die HTK te verwys vir uitvoering. Dit sal dus geskied onder leiding van **prof Theuns Dreyer**. Dit handel oor die daarstel van 'n struktuur binne die Kerk wat op 'n multiprofessionele basis diens sal lewer aan pastoriegesinne. Die moontlikheid word ondersoek om die diens later verder uit te brei na ander teikengroepe, en selfs om die diens aan ander instansies (byvoorbeeld ander kerke) beskikbaar te stel. Daar sal veral aandag gegee word aan voorkomende en nasorgprogramme. Intussen word predikante wat geestelike nood beleef en berading benodig, versoek om prof Theuns Dreyer te kontak.

- Die Kommissie van die AKV het besluit dat **emeriti** wat vir langer tydperke in gemeentes werk, met die skriftelike toestemming van die konsulent en

ringskommissie **die werk van die konsulent** in die gemeente mag doen. Slegs in gevalle waar besluite geneem moet word wat die emeritus self raak, moet die konsulent die vergadering lei.

- Die AKV het die wysiging van Ordinansie 4.5.1(iii) goedgekeur wat handel oor die **wysiging van gemeentegrense**. Lidmate van 'n gemeente kan by die betrokke ouderlingevergadering 'n kennisgewing van voorneme indien om by 'n ander gemeente in te skakel. Die betrokke ouderlingevergadering tree met die lidmate in gesprek en lig die gemeente waarby die lidmaat inskakel, dienooreenkomstig in, indien die voorneme gehandhaaf word. Indien lidmate sodanige keuse sonder kennisgewing uitoefen, lig die ouderlingevergadering van die gemeente waarby ingeskakel word, die vorige gemeente dienooreenkomstig in. Sodanige lidmate word volledig deel van die gemeente waarheen hulle oorgegaan het.

- Ten opsigte van die **tekort aan orreliste** het die AKV besluit dat kerkrade moet toesien dat hul orreliste billik behandel word wat betref salarisskale en arbeidspraktyke, dienslewering en ondervinding. Kerkrade moet toesien dat die kundigheid en vermoëns van hul orreliste erken word, dat daar goeie samewerking tussen orreliste en predikante is, en dat orreliste die gegewens rakende die erediens betyds kry om ook insette te lewer waar nodig. Gemeentes en kerkrade moet jong orreliste identifiseer met die oog op 'n nuwe geslag wat opgelei moet word. Kerkrade moet ook aan orreliste wat opgelei word die geleentheid gee om op die gemeente se orrel te oefen.

- **Gemeente Springs-Oos** beskik oor 'n **vakature vir 'n tweede orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar. 'n Volledige pligstaat en besonderhede oor die vergoeding sal tydens die onderhoud met kandidate bespreek word. Vergoeding is volgens skaal. Gekwalifiseerde orreliste kan hul CV en 'n gewaarmerkte afskrif van hul kwalifikasie as orrelis per e-pos aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by **Laubschm@gmail.com** stuur.

- **Gemeente Rietvallei** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis.** Persone met die nodige kundigheid en ervaring om die gemeente tydens Sondae-oggende se eredienste, informele jeugbyeenkomste op Sondae-aande en Christelike feesdae te begelei, kan navrae rig of 'n CV stuur na die gemeentekantoor: faks 012 345 3143 of e-pos **nhrietv@telkomsa.net**. Diensvoorwaardes is soos deur die Hervormde Kerk voorgeskryf. Diensaanvaarding teen Januarie 2011 of so gou moontlik.

- Die **skriba van Gemeente Springs-Oos** se **e-posadres** het verander van **rethalaubscher@gmail.com** na **Laubschm@gmail.com**.

- Dankie aan predikante wat aangebied het om gedurende Desember by **Gemeente Laer Suidkus** te preek. **Vakansiegangers** word vriendelik genooi om die eredienste in die gemeente by te woon, elke Sondag om 08:00 in die saal van Port Edward Primary School, Fifeweg, Port Edward, en om 09:30 in die kerkgebou te Scottstraat 3, Port Shepstone. Die Kersfees-erediens word gehou om 07:15 te Port Shepstone deur prop Maritza Botha en om 08:00 te Port Edward deur ds Adam Zwarts. Ds Jacques Pieterse se kontakbesonderhede is die volgende: e-pos **jacquesjean@vodamail.co.za,** pastorie 039 682 1059, sel 082 458 4482.

- **Gemeente Saffierkus** in Amanzimtoti nooi alle **besoekers** om hul eredienste by te woon. Die dienste vind elke Sondag om 08:30 plaas in die Scoutsaal, Drakestraat 4, Amanzimtoti. Kontak ds Piet Steenkamp by 082 789 1398 of Celia Biggs by 082 410 5444 of 031 903 7970.

- **Kennisgewing aan alle NHSV-takke:** Die datum vir die **46ste Nasionale Kongres** is 6, 7 en 8 Oktober 2011. Die kongres vind plaas by Gemeente Wonderboom in Pretoria.

- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** van die onderstaande ringe kan by die Sinodale Kerkkantoor afgehaal word. **Dr Fanie Pretorius** versoek dat die ringe se skribas of voorsitters reëlings tref met iemand in die ring om die boeke te kom afhaal, indien enigsins moontlik.
  - Potgietersrus
  - Rustenburg
  - Roodepoort
  - Trichardtsfontein
  - Wes-Kaapland
  - Bronkhorstspruit
  - Heidelberg
  - Johannesburg
  - Heilbron
  - Middelburg
  - Lydenburg
  - Oos-Kaapland
  - Noord-Kaapland
  - Maquassi
  - Klerksdorp
  - Losberg
  - Bothaville
  - Brakpan

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **behuising vir studente en jong werkendes** met ingang van 1 Januarie 2011. Enkelkamers vanaf R1 500 per maand, dubbelkamers vanaf R900 per persoon wat deel, of R2 000 per enkelpersoon. Ingesluit is water en elektrisiteit, veilige parkering en tuindienste. Tuin- en braaigeriewe is ook beskikbaar. Dit is geleë op ’n busroete en 5 km noord van Kerkplein, 2 km van Eugene Marais-hospitaal, en naby al die universiteite rondom Pretoria. Die behuising is langs die kerkgebou, te Mansfieldlaan 610, Eloffsdal, Pretoria. Huurbetaling is slegs per debietorder/internetoorbetaling, en 1 maand se huur en deposito is vooruit betaalbaar. Rig navrae aan Johan Erickson by 082 212 2137 of Koos Nortje by 084 460 7743.

- **Gemeente Philadelphia** het **vakante studentebehuising** op hul kerkterrein. Dit is sowat 100 m vanaf UP se Lunnonweg-ingang. Dit is ’n kommune van 10 inwoners wat ’n kombuis en twee badkamers deel. R2 450 per maand vir die groot kamers en R1 950 per maand vir die kleiner kamers. Verkieslik huurders wat studeer aan UP en by die gemeente sal inskakel as lidmate. Kontak Esme Bolton by 012 362 7237 op weeksdae tussen 08:30 en 13:30, of Rue Hopley by 083 669 3060 (enige tyd).

- **Eerstejaarskampe 2011**

  - **Pretoria: Philadelphia: Saterdag 22 tot Donderdag 27 Januarie**
    R800 per persoon
    Kontak Pierre Brits by 079 942 2662, ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
    Stuur ’n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za** vir meer inligting

  - **Bloemfontein: Sondag 9 tot Donderdag 13 Januarie**
    R650 per persoon, inskrywings sluit op 8 Januarie
    Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
    of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527

- **Stellenbosch: Saterdag 15 (12:00) tot Dinsdag 18 Januarie (17:00)**
  R400 per persoon
  Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **cleroux@nhk.co.za**

- **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 11 tot Vrydag 14 Januarie**
  R700 per persoon
  Kontak ds Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**,
  Terzie Denton by 082 475 4618, of Jana Smit by 079 880 7466

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 27 November 19:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Delyweg 100, Waterkloof
  Saam met Musica Instrumente en Allen Kerkorrels
  Rocco de Villiers agter klavier en Pieter van den Berg agter orrel
  Ook met F# Koor en Alta van Huyssteen
  Ten bate van 'n kinderhuis
  Kaartjies R100 per persoon, beskikbaar by die gemeente (012 460 8441)
  of by Pieter van den Berg (072 041 3954)
  of by Musica Instrumente, Atterbury Value Mart

- **Vrydag 3 Desember: Gemeente Premiermyn**
  Kerssang by kerslig
  Bring kers en kombers
  Wegneemetes vanaf 17:30, samesang begin 18:15
  Begeleiding met klavier en viool
  Navrae aan Sonika van der Schyf by 076 487 0147

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag Vrydag 26 November**
  Bronkhorstspruit-gholfklub
  R800 per 4-bal of R200 per persoon (sluit R20 halfweghuis-ete in)
  Borge welkom
  Afslaan 11:00
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

- **Gemeente Springs-Oos: Gholfdag Woensdag 1 Desember**
  R700 per 4-bal (ete ingesluit)
  Goeie pryse en geskenkpakke te wen
  Borge vir setperke 1, 9 en 18 teen R1 000 elk en ander teen R500
  Kontak oudl Christo Nortje by 082 468 2730 om te adverteer of te speel

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

Basaars en markte

- **Saterdag 27 November: NHSV Hendrina Barmhartigheidsboeredagbasaar**
  Hv Van Niekerk- en Beukesstraat, Hendrina
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel – wins is joune
  Kontak Cia van der Westhuizen by 083 452 8394

- **Woensdag 1 tot Saterdag 4 Desember: Gemeente Bergsig Kersmark**
  Huur 'n stalletjie teen R50 plus 10% van die verkope per stalletjie

Skryf in vir die potjiekoskompetisie teen R20 elk
Kontak Marie by 082 402 4170

- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**
  Kersfunksie by Silwer Valke Rugbyklub
  Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton
  Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense
  Borge ook welkom
  Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082
  of Heleen Huyser by 082 443 8874 of **Heleen.Huyser@postoffice.co.za**

- **Woensdag 1 tot Dinsdag 7 Desember (behalwe Sondag)**
  Gemeente Premiermyn
  Cullinan Kreatiewe Kuns- en Kersmark
  Elke dag van 10:00 tot 18:00
  Gemeente Premiermyn se saal in Zonderwaterweg, Cullinan
  Handgemaakte kwaliteitgeskenke, heerlike eetgoed en teetuin
  Kontak Alta by 082 682 1252 vir stalletjiebespreking

- **Donderdag 9 tot Saterdag 11 Desember: Gemeente Buffelspoort Kersmark**
  Op gemeenteterrein 1,2 km vanaf vakansieoord van ATKV Buffelspoort
  Kontak ds Neels Van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas maroelasap in) R20 per volwassene/hoërskoolkind
  R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS

- Op **Vrydag 26 November** vind die **Jaareindfunksie** van die personeel van die **Sinodale Kerkkantoor** plaas. Neem dit asseblief in ag indien u afsprake met van die personeel wil maak.

- Die Raad van Finansies het goedgekeur dat die **Sinodale Kerkkantoor op Vrydag 17 Desember mag sluit** vir die Desemberreses. Die Kantoor open weer amptelik op **Maandag 3 Januarie 2011**.

- **Die Moderamen** het vanjaar op 22 November vir die laaste keer vergader. Verskeie belangrike gesprekke is gevoer, onder meer met gemeentes, ’n ringskommissie en predikante. Die meeste lede van die nuwe Kommissie van die AKV was teenwoordig by die vergadering.

- Die afgelope week is skrywes aan **verkose rade** gestuur. So ver moontlik is die **opdragte** wat die 69ste AKV deur die Kommissie van die AKV aan rade gegee het, ook deurgestuur. Die meeste rade sal eers vroeg in 2011 vergader, konstitueer en dadelik met die werkopdragte begin. In die tydperk van drie jaar tussen AKV’s is daar hoogstens twee jaar werktyd, en daarom moet so gou moontlik met die werk begin word. Van die belangrikste werk is die eietydse vertaling van die belydenisskrifte en die ondersoek na ’n eietydse belydenisskrif.

- Die nuwe werkwyse vir die **hantering van studiestukke** is dadelik van

toepassing. **Ringskommissies** speel 'n belangrike rol, aangesien hulle die werk moet koördineer deur onder meer 'n ringskomitee vir studiestukke aan te wys. Elke ringsgemeente benoem op sy beurt 'n ouderling op gemeentevlak wat verantwoordelikheid vir die ontvangs en behoorlike bestudering deur die ouderlingevergadering aanvaar. Daar moet ook na afloop van die studiewerk en bespreking deur elke ouderlingevergadering oor elke studiestuk verslag aan die ringskommissie gelewer word. Op sy beurt lewer die ringskommissie weer verslag aan die betrokke raad, komitee of Kommissie van die AKV.

- Die **Komitee vir Strategiese Beplanning en Herstrukturering** het op 23 November onder voorsitterskap van ds Dries Beukes vergader. Die Komitee werk nog aan take wat deur die vorige Kommissie van die AKV aan hom opgedra is. Die 69ste AKV het bevestig dat die ou Komitee eers die sake moet afhandel. Nuut verkose lede is dus nie by die werk betrek nie. Daar is in die besonder gehandel oor die poste van die Sekretaris van die Kommissie van die AKV en die Administrateur, wat in 2011 vakant raak. Poste wat ook herevalueer moet word, is dié van Sekretaris van die Algemene Diakensvergadering (ADV) en Bestuurder van die Kinderhuise.

Besluit van die 69ste AKV oor die huwelik

Die Kerk handhaaf sy siening van die **huwelik as 'n instelling en gawe van God**. Die huwelik bly vir die Kerk die enigste wyse waarop man en vrou in gehoorsaamheid aan die Woord van God saam lewe (Ordereël 7). Die Kerk handhaaf sy siening en beskouing oor die saamwoon van lidmate en beskou die huwelik as die enigste wyse waarop man en vrou in gehoorsaamheid aan die Woord van God kan saam lewe.

Die Kerk handhaaf sy standpunt oor die huwelik tussen **persone van dieselfde geslag** en beklemtoon in sy standpunt die Kerk se siening van die huwelik as 'n instelling tussen een man en een vrou.

Die Kerk oorweeg nie tans die daarstel van 'n **eie kerklike huwelik** nie. Die komitee beveel nie die daarstel van 'n *eie kerklike huwelik* naas 'n *burgerlike huwelik/ verbintenis* voor nie.

Die Kerk moet voortgaan met verantwoordelike, **Bybels gefundeerde studie** oor die huwelik (teologie van die huwelik).

Die volgende voorstel oor die **doop van kinders van saamwoonouers** word aanvaar: Kerkrade word daarop gewys dat die Doop 'n sakrament is wat met groot erns bedien word aan kinders van gelowiges. Persone wat saamwoon, moet begelei word tot die huwelik. Saamwoon word nie deur die Kerk gesien as 'n alternatief vir die huwelik nie. Indien daar 'n kind gebore word, sal ouers onderrig en gehelp word om verantwoordelik keuses te maak. Ouderlingevergaderings hanteer die saak op meriete. Die betrokke ouers word verder pastoraal versorg. Opdrag word aan die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat gegee om dringende studie oor die saak te doen en resultate deur te gee aan ouderlingevergaderings.

- **Gemeentes en orreliste** wat met **Johannus Orrels** in verbinding wil tree, moet asseblief kennis neem dat die landlyn 011 783 4816 nie meer korrek is nie. Kontak hulle by 0861 864 864, 072 805 8866 of **info@johannusorgans.co.za**. Verander gerus die nommer op die binnevoorblad van die 2011 *Almanak.*

- Die Hervormde Kerk het 'n **vakature vir 'n ouditeursklerk** vir die ouditering en opskryf van gemeentes se boeke. Die persoon moet 'n stel finansiële boeke tot proefbalans-stadium opstel en bewysstukke kontroleer. Hy/sy moet pligsgetrou wees, en beskik oor goeie kommunikasie- en organisasievaardighede en die vermoë om as lid van 'n span te funksioneer. Die kandidaat moet ook rekenaarvaardig wees in MS Office; ondervinding in Pastel, Quick Books en/of Turbocash sal 'n

aanbeveling wees. Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes. **Sluitingsdatum vir aansoeke is 26 November 2010.** Aansoeke met 'n kort CV moet gerig word aan mev Susan Reyneke, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 012 322 8885 x252, faks 086 580 0960, e-pos **susan@nhk.co.za**.

- **NG Welsyn Noordwes en Gauteng** beskik oor **vakatures vir maatskaplike werkers en verpleegkundiges** in hul welsynskantore, kinderhuise en tehuise vir bejaardes. Kontak 082 451 7684 of **info@ngwelsyn.co.za** vir meer inligting.

- **Rousmartseminaar** met ds Braam Klopper as gasspreker vind plaas op **Saterdag 27 November** van 08:30 tot 12:30 by Eat@Essence Restaurant, Spesbonastraat 616, Moreletapark, Pretoria. Hoe hanteer ek spesiale dae soos Kersfees as ek *stukkend* is van rou? Wat is die fisiese impak van rou? Mans en vroue rou verskillend. Troosclichés. Rou ná selfmoord. Dood van 'n kind. Stilgeboorte/ miskraam. Bespreek by Sonja Smith Begrafnisgroep (Edms) Bpk: Henriëtte Brown, tel 012 654 9902 of 079 895 4414 voor of op Donderdag 25 November.

- ***Beeld*-Kinderfonds Kerskonsert: Woensdag 1 Desember om 19:30**
  Beleef 'n skouspel van Kers- en geestelike musiek
  NG Kerk Moreletapark, Pretoria
  Kaartjies R68, R80, R110 en R160 (10% afslag vir groepe van 20 of meer)
  Gee die "voucher" kode: BKF123 met bespreking om afslag te kry
  Bespreek by 086 100 0291 of **www.itickets.co.za**
  Navrae aan 011 976 2273 of **www.beeldkinderfonds.co.za**
  Onthou: Diakonale Pleegsorgstelsel en ander kinderwelsynsprojekte van die Hervormde Kerk baat by hierdie Kinderfonds!

- **Transoranje Skool vir Dowes: 26 November tot 5 Desember Kersmark**
  Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat
  Kontak mev Alta Koekemoer by 012 386 6072/3/4/5
  of **transoranje3@gmail.com**

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Dinsdag 30 November: Raad vir Ekumene
  - Vrydag 3 Desember: ADV Dagbestuur

- **Die *e-Hervormer* van 2 Desember sal die laaste uitgawe van vanjaar wees. Die eerste uitgawe van 2011 verskyn op 20 Januarie.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dit was nou wonderlik om die dag by die werk te kon begin met die lees van ds Willem Sauer se verhaal oor die Klavierspeler wat aanhou speel! Skitterend, Dominee. Daar is soveel te leer uit hierdie verhaal wat 'n mens op jou daaglikse lewe van toepassing kan maak."

Billy Attard

ADVERTENSIES

VAKANSIEWOONSTEL TE KOOP
Uvongo, branderkant van Marinerylaan
Loopafstand van Uvongo se hoofstrand (ongeveer 450 m)
Loopafstand van Spar, dokter, apteke, restaurante
1-slaapkamer (4-bed)
Veilige kompleks, omhein, elektroniese toegang, swembad en braaigeriewe
Ten volle toegerus, gemeubileer en lugversorg
R595 000
Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

GEE-JAAR: DIE GKSA SE *DIENSJAAR*
'n Jaar van jou lewe om opleiding te ontvang in teologie en multimedia
en dit op kampe toe te pas
Aangebied in Potchefstroom teen R32 000 (alles insluitend)
Gerig op naskoolse jeug wat goeie teologiese onderrig wil kry, voltyds vir 'n jaar diensbaar in die koninkryk wil wees, hulself wil toerus met vaardighede by die Kreatiwiteitskool, of net 'n jaar wil afvat na skool
Onderrig is gereformeerd en die werk op kampe vind plaas saam met Gereformeerde gemeentes, maar enigeen is welkom
Kontak 018 297 3986/7 of 072 225 8301
of **geejaar@kruispad.net** of **suzzanne.vz@gmail.com**
youtube & Facebook – "geejaar" as trefwoord

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Verras deur God

Die Desember 2010-uitgawe van *Die Hervormer* is aan gemeentes gepos.

In die voorbladartikel skryf die redakteur, dr Gerhard Lindeque, dat God 'n mens nogal kan verras. Dieselfde God kan op nuwe maniere optree en is voortdurend dinamies betrokke by sy skepping en sy kinders se lewens. God is nie vasgevang in ons denke nie. God tree soms verrassend nuut en anders op as wat ons dink. Ons sien dit in

die geskiedenis van die volk Israel, in die Christus-gebeure, in die kerk, en in ons persoonlike lewens.

Dr Johann Beukes skryf dat die kerk altyd wag op die lewende, herskeppende God, altyd die reeds teenwoordige en tog altyd die Komende Een. Ons wag tot by die jongste uur op God, wel wetend dat ons intussen weer deur God verras, oorval en verander sal word.

Lees ook prof Bieks Beukes se nabetragting oor sy vriend dr Gerrie Bloem wat onlangs oorlede is, en oor die ander drie predikante wat ons ook sedert die begin van Oktober ontval het.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om 'n eksemplaar van die Desember-uitgawe te bekom, of om vir 2011 in te teken en 11 uitgawes teen R90 te ontvang. *Die Hervormer* dra veral diepte-artikels, in teenstelling met die *e-Hervormer* wat die dag-tot-dag-nuus oor gebeure in die Hervormde Kerk weergee. Besoek **www.hervormer.co.za** en lees wat in uitgawes sedert Januarie/ Februarie 2008 verskyn het.



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 234 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx